



25
GRATIS
Desember
2023

Goeie Nuus Good News

NOU REEDS **25 JAAR OUD!**

**AANLYN-UITGawe
ONLINE EDITION**

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Stap Saam met God

"Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie!" (Psalm 106:1)

"Ek weet aan Wie ek my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
Ek ken die Rots op Wie ek gebou het,
van Wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe,
sal ek, van alle sorge vry,
vir elke dag my hier gegewe
U 'n hoër, reiner loflied wy."
(Ges. 353:4)

Met hierdie gesang kan 'n mens die ou jaar uitstap en die nuwe jaar betree. Méér nog, 'n mens kan daarmee na jou sterfbed gaan en die Ewigheid aandurf. Hier, in die laaste

oomblikke van die jaar, roep ons die hele pad waarslangs God ons geleei het in herinnering. Ons dank Hom vir elke tree van die pelgrimsreis, omdat Hy ons deur elke dag liefgehad en gedra het.

Daar is baie waarvoor ons om vergifnis moet vra: kosbare tyd wat ons verkwis het, liefde wat ons weerhou het, gebede wat ons nie gebid het nie, geleenthede wat ons laat verbygaan het.

Maar daar is ook so oneindig baie waarvoor ons God kan dank: vir bewaring, genesing, ondersteuning, voorsiening.

Mag ons geïnspireer word deur die woorde

van Marie-Louise Haskins:
"Ek het aan die Man by die poort 'n lig gevra vir die donker pad wat voorlê. Hy het vir my gesê: 'Plaas jou swak hand in die Hand van die almagtige God en stap moedig voort. Dit sal vir jou beter wees as 'n lig en veiliger as 'n bekende pad.'" - Oorgeneem

"...Die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe..." (Spreuke 4:18).

You wrote Your glorious Name across the heavens

...and it read - Elohim - The Creator.

**You pronounced Your holy Name to Your people
and it was Yahweh - Lord of Relationship.**

**You posted Your powerful Name at life's valleys and dead-ends
and it was El Shaddai - the All-sufficient God.**

**You spoke Your lovely Name into fear and conflicts
and it was Jehovah Shalom - the Lord our Peace.**

**You whispered Your compassionate Name
into sorrow and brokenness
and it was Jehovah Jireh - the Lord provides.**

**You signed Your most beautiful Name in blood upon our hearts
and it was - JESUS - JEHOVAH IS SALVATION!**

NET 'N BEKER WATER...

Jare gelede, in die vroeë negentigs, het ek in 'n kerk na 'n man se getuienis geluister. Ek reken sy van is aangegee as Pretorius. Dit is al wat ek van hom weet en onthou. Maar sy aangrypende getuienis het my ook aangegryp en ek onthou dit tot vandag toe nog.

Die man het gepraat oor die groot vloede in Mosambiek. As gevolg van die geweldige impak hiervan het hy daarheen gegaan om hulp te verleen, aangesien al die smarte en ellendes van die mense hom diep ontroer het.

Hy het vertel hoedat hy 'n ou man aangetref het wat daar onder 'n boom gesit het. Hulpeloos, sonder kos en water, en uitgelewer aan die natuur-elemente. Sterwend. Toe het hy gehardloop om vir die ou man net 'n beker water te gaan haal. Maar toe hy terugkom met die water, het die man reeds gesterf! Magteloosheid en ontnugtering het hom aangegryp, en hy het vir homself gevra: "Waar is die man se siel? Die ewigheid in sonder God? Net 'n beker water kon hom red!"

Hierdie gebeure het die man so aangegryp dat hy uit sy eie sak begin het om vir die mense kos en water te gee! Hoe kan jy vir hierdie mense die Voorspoedleer ("Prosperity Gospel") verkondig? Hoe kan jy vir hulle sê jy moet saai, dan sal jy ook maai! Gee, dan sal daar vir jou gegee word! God sal sorg! Die mense het NIKS! En die nood is só groot.

Dit wat die man kon gee, was maar 'n druppel in die emmer. Maar hy het fondse gekry en hy het gegee. En gegee... Toe kom die verhaal van sy druppeltjies by die VN uit en hulle het begin gee. Later gee hulle vir hom vragmotors met vragte op vragte vol mieliemeel en hy deel net uit. Noodverligting!

Hy doen die deel wat die Kerk eintlik moes doen, nie die wêreld-organisasies nie. Jesus sê: "Ek was honger... Ek was dors... en julle het My gevoed. Alles wat julle aan hulle gedoen het, het julle ook aan My gedoen" (vgl. Matt. 25:40).

Hoe moet ek die Woord van God hoor en verstaan en toepas? Een TV-prediker het gesê: "Begin om die Woord te lees, vra dan vir God om dit vir jou oop te maak en toe te pas op jou omstandighede!"

Ons moet egter nie net fisiese brood gee nie, maar ook lewensbrood. Anders doen ons slegs humanistiese werk soos ander godsdiens en soos wêreldse mense. Jesus sê: "Ek is die Brood van die lewe" (Joh. 6:35). Hy sê ook: "Ek is sagmoedig en nederig van hart. Daar waar Ek is daar sal My dissipel ook wees." En dan later: "Die beker wat Ek drink sal julle ook drink."

Ons is geroep om te dien. Hy is Heer en Meester, maar Hy was onder hulle soos een wat dien. Sy Woord lui: "Moenie na hoë dinge strewe nie, maar voeg julle by die nederige." Hy weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade (1 Pet. 5:5). Hy het Sy dissipels se voete gewas soos 'n slaaf (Joh. 13). Hy het vir Sy vyande gebid. Lees ook Matt. 5 en Fil. 2:5-11. **Volg in Sy voetspore!**

Ons is wel konings en priesters (Op.1:6 en 5:10). Maar nie om ons in ons hoogheid te verbly en daarin te roem nie. Om te DIEN! Wat het jy in jou hand om Hom mee te dien? In jou eie smarte en lyde kry jy ook God se medelye om ander te help. In Ps. 18:29 staan geskryf: "U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my" (NV).

Ons is 'n kolonie van Waterdraers. Paulus skryf: "Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Chris-

tus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerde liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp" (Fil. 3:20-21). 'n Goeie vertaling van die Griekse woord politeuma vir "burgerskap" sou wees: "Ons is 'n kolonie van die hemel."

So bestaan ons in 'n vyandige wêrld. Selfs Petrus skryf: "[ons] vreemdelinge en bywoners op hierdie aarde." Jesus het gebid in Joh. 17:15 - "Ek bid nie dat U hulle uit die wêrld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bosse bewaar." Lees ook verder die hele Johannes 17, Jesus se Hoëpriesterlike gebed vóór Sy kruisigung, en op pad na Getsémane.


Hierdie Woord het my laat dink aan die kolonie van die heuningby. My pa het op die plaas waar ek grootgeword het, 'n paar bye-kaste gehad en hy het ons baie geleer van die heuningby. Soos Eugène Marais wat 'n studie gemaak het en gaan kyk het na die miere, het ek ook gaan kyk na die heuningbye. Gaan lees gerus oor hierdie wonderlike "insek" op die internet.

In so 'n kolonie, wat baie goed georden is en baie hardwerkend is, vind jy die koningin. Haar taak is net om eiers te lê en jong bye voort te bring. Dan kry jy die werkersbye (wyfies) wat nektar en stuifmeel bymekaar maak en van die nektar heuning maak. In vyf weke se tyd maak sy maar 'n teenlepeltjie nektar bymekaar en sy werk haar letterlik dood!

By al die ander funksies van die bye vind ons ook die Waterdraer. Hy bring net water na die nes wat dan onder andere gebruik word om die heuning te verdun en om dit verteerbaar te maak. Hier wil ek 'n toepassing maak. Ons kan nie almal "nektar" en "stuifmeel" versamel nie, maar ons kan almal Waterdraers wees in God se Koninkryk. Ons dra dan die lewenswater aan soos Sendeling Pretorius met "Net 'n beker water..."

Gaan na die heuningby en word wys. En volg ook in die voetspore van Jesus. Lees Joh. 4 waar Hy by die vrou by die Put van Jakob gaan sit het en vir haar gesê het: "Gee vir My water om te drink." 'n Hele gesprek het plaasgevind, en uiteindelik sê Hy vir haar: "As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: 'Gee vir My water om te drink,' sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het" (Joh 4:10).

Waterdraer, wat dink jy van Kersfees? Gaan dit oor wat jy kan kry,



of oor wat jy vir Hóm kan gee? Dáárom vier ons Christusfees - nie Kersfees nie - want die Skrif sê: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors..." (Jes. 9:5).

Luister gerus na Jan de Wet se lied, "Hierdie Kind..." Dawid sê: "Wat sal ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my?" Lees ook Ps. 103. Dit gaan nie slegs oor humanisme, Mandela-dag, of 'n sekere politieke party of die regering of die Springbokke nie. **Ons dien JESUS CHRISTUS in al Sy Volheid deur ons alles vir HÓM te gee as 'n geskenk!**

Jesus sê: "Gee aan die keiser wat die keiser toekom, en gee aan God wat God toekom." Ja, gee vir mekaar geskenke vir Kersfees, maar bo alles gee jou lewe oor aan Jesus en dien Hóm getrou met jou "goud, wierook en mirre" soos die wyse manne uit die Ooste by die geboorte van Jesus. Gee aan Hóm jou kosbaarste besitting, jou hele wese, gawes, bedieninge, vermoëns, temperament met alles wat jy is en het: "Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was" (Fil. 2:5).

Jesus sê vir die Skrifgeleerde en Fariseërs: "Wee julle, Skrifgeleerde en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Blinde Fariseér, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word" (Matt. 23:26).

Op my knieë vra ek dus vir Hom: "Here, maak my beker nie net buitekant nie, maar ook binne skoon, reinig my, heilig my, en gebruik my sodat ek 'n skoon beker sal wees om U lewende water aan te dra na 'n noodlydende mensdom."

Ek en jy is geroep om Hom in nederigheid te dien met alles wat ons is en het, want Hy het Sy alles vir ons gegee. Wees getrou tot die dood toe. **Wees 'n Waterdraer vir Jesus!**

Christmas is Costly

It cost Mary and Joseph the comforts of home during a long period of exile in Egypt to protect the little Babe.

It cost mothers in and around Bethlehem the massacre of their babies by the cruel order of Herod.

It cost the shepherds the complacency of a shepherd's life, with the call to the manger and to tell the Good News.

It cost the wise men a long journey and expensive gifts and changed lives.

It cost the early apostles and the

Early Church persecution and sometimes death.

It cost missionaries of Christ untold suffering and privation to spread the Good News.

It cost Christian martyrs in all ages their lives for Christ's sake.

More than all this, it cost God the

Father, His own Son - He sent Him to Earth to save men.

It cost Jesus a life of sacrifice and service, a death cruel and unmatched in history!

What does Christmas cost you?

- Selected

The message of Christmas is a constant one. In the midst of the ever-changing world, the vacillations of man and the rise and fall of governments, our hearts cry out for stability. The message of Christmas inseparably involves Christ. Cancel Christ out of Christmas (Xmas) and you are back to the human, the transient, the instability of a decaying world and world systems, accentuated by the excesses of what is called the "Festive Season".

Christless Christmases have been the excuse and reason for more sin, revelry and unrighteousness than is possible to assess. How many lives, characters, homes and friendships have been ruined in the revelries generally indulged in at Christmas-time. The excuse often offered is: "It is only Christmas once a year."


A Christless Christmas is a dangerous and

treacherous thing.

The true Christmas, with the emphasis on Christ, is a "Joy to the world". In a strife-torn world it is "Peace on Earth". Amidst the hatred and distrust between individuals and the peoples of the world, it is "goodwill toward men".

What is most attractive to man about the true Christmas message is its immutability. No season, age, country, tongue or circumstance can change it. Its effectiveness has been proven over a period of more than 2 000 years. It is not seasonal but perennial, not national but international, not selective but universal, not temporary but eternal... To all who believe on Him, the CHRIST of Christmas, He is the LIFE, JOY and PEACE for time and eternity!

May your Christmas be Christ-centred, because then it will be a happy Christmas!



KE TLHOKA THUSO! (I Need help!)



Mo bophelong re tle o re tsene mo mathateng kgotsa mo dikotsing. Ka nako e o ka kopa Modimo, Mmopi wa gago, Mopholosi wa gago go go thusa. Modimo o teng. O utlwa selelo sa gago. Nako e nngwe bana ba Modimo ba ba tsenang kereke Sontaga e nngwe le e nngwe ba tsena mo pitlaganong kgotsa bophelo bo ba tsamaisa mo mogorogorong wa moriti wa loso. Ke ne ke maketse fela maloba ke bona mongwe a le mo tseleng go ya go diriwa karo mme a kopa a re: "Ke kopa Modimo le Badimo ba tsamaye le nna mme ba thuse nna le dingaka go feta mo letsatsing le." O ka se dumele mo Modimong go go thusa mme o be o nagana gore o santse o tlhoka thuso ya badimo le medimo eseile.

"O se ka wa itirela modimo wa seseto... O se ka wa e obamela le e seng go e direla. Gonne nna Morena, Modimo wa gago, ke Modimo o o lefufa. (Ekesodu 20). Buisa ditemana tse go ithuta gore thuso ya Modimo e teng fa o e tlhoka.

Se tshwenyegeleng sepe, mme a ka metlha tse lo di tlhokang di itsisiwe Modimo ka thapelo le kopo, di na le tebogo. Mme kagiso ya Modimo e e fetang tlhaloganyo yotlhe e tla boloka dipelo tsa lona le maikutlo a lona mo go Keresete Jesu (Bafilipi 4:6-7).

Latlhela tshwenyego ya gago mo Moreneng, mme o tla go tlamelwa; ga a kitla a leseletsa mosiami ka gope go theekela (Pesalome 55:23).

Ka moo, ikokobeletseng letsogo le le thata la

Modimo gore o tle o lo godise ka nako e e leng yona. Latlhelang matshwenyego otlhe a lona mo go one, gonne lo tlamelwa ke one (1 Petero 5:6-7).

"Tlaang kwano go nna lotlhe ba lo lapileng, ba lo imelwang; nna ke tla lo lapolosa. Ipeleseng jokwe ya me, lo ithute mo go nna; gonne ke bonolo le boikokobetso mo pelong, mme lo tla bonela mewa ya lona tapologo. Gonne jokwe ya me e bonolo, morwalo wa me o botlihofo" (Matheo 11:28-30).

Se boife, gonne ke na nao! Se tlalelw, gonne ke Modimo wa gago! Ke a go tiisa, ee, ke a go thusa, ee, ke go tshegeditse ka letsogo la me le le jang le le pholosang (Jesaya 41:10).

Ke tsholeletsa matlho a me kwa dithabeng; thuso ya me e tla tswa kae? Thuso ya me e tswa Moreneng yo o dirileng legodimo le lefatshe. Ga a ka ke a leseletsa lona lwa gago go relela! Motlamedi wa gago ga a ka ke a otsela! Kana Motlamedi wa Israele ga a otsele, e bile ga a robale. Morena ke Mmabaledi wa gago; Morena ke moriti wa gago fa letsogong la gago le le jang. Letsatsi ga le kitla le go tlhaba motshegare, le fa e le ngwedi bosigo. Morena o tla go sireletsa mo masuleng otlhe; o tla boloka mowa wa gago. Morena o tla femela go bolola ga gago le go goroga ga gago go tloga jaanong go fitlha bosakhtleng (Pesalome 121).

Yo o ntseng mo tshireletsong ya Mogodimodimo, yo o leng mo moriting wa Mothatayotlhe, o tla raya Morena a re: "O botshabelo jwa me le kago ya phemelo ya me; o Modimo wa me o ke o ikanyang." Gonne ke ena yo o tla go gololang mo serung sa mothaisa-nonyane le mo leroborobong le le bolayang.

O tla go sireletsse ka diphuka tsa gagwe, o femelega fa tlase ga tsona; boammaaruri jwa gagwe ke thebe le phemelo. Ga o na go boifa poitshego ya bosigo, le e seng motsu o o fofang motshegare, le e seng leroborobo le le tsamayang mo lefifing, le e seng kgogodi e e bolayang motshegare wa selebalo. Le fa



Johan Zerwick
Sêle ke 083 458 3837

go ka wa ba le sekete ka fa lothakoreng lwa gago, gongwe ba le dikete di le some ka fa letsogong le le jang la gago, wena ga go nke go go ama. O tla leba ka matlho fela, o bona baikepi ba bolawa ke se ba se jeleng. 9Gonne o rile: "Wena Morena o botshabelo jwa me." O dirile Mogodimodimo phemelo ya gago. Ga o nke o welwa ke bosula bope, le boago jwa gago ga bo nke bo atamelwa ke sebetso. Gonne o tla go laeela baenegele ba gagwe gore ba go boloke mo ditseleng tsotlhe tsa gago. Ba tla go kuka ka diatla gore dinao tsa gago di se kgopiwe ke lentswe. O tla gata tau le lebolobolo, o gataka ledumedi le kgogela. Ke tla mo pholosa, ka a nkgomaretse ka lorato, ke tla mo sireletsa, gonne o itse leina la me. E tla re a mpitsa, ke mo utlwe, ke nne nae mo tlalelong; ke tla mo namola, ke mo tlota. Ke tla mo kgorisa Bophelo jo bolele, ke mmontsha pholoso ya me (Pesalome 91).

Ons Identiteit, Ons Roeping

Menige gelowige worstel met die vraag, "Wat wil die Here hê moet ek doen?" Tyd is so kosbaar en so vlietend. As ons vanaf 'n sterfbed sou terugkyk oor ons lewens, wil ons die vreugde smaak van 'n sinvolle nalatenskap en 'n kosbare, vrugbare lewensreis.

Paulus skryf in Ef. 2:10, "Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." God het reeds goeie werke vir ons voorberei. Maar wat is hierdie goeie werke? En wat is ons roeping as gelowiges?

Ek glo dat daar 'n algemene roeping asook 'n spesifieke roeping vir elkeen is. Alle mense word geroep tot redding deur geloof in Jesus Christus (2 Pet. 3:9). Alle gelowiges word opgeroep om getrou te bly onder verdrukking (1 Pet. 5:9), om mekaar lief te hê (Joh. 13:34), die Evangelie te verkondig en dissipels te maak (Matt. 28:19-20), en om die Evangelie prakties uit te leef (Fil. 1:27). Ons moet groei om aan die Beeld van Jesus gelykverdig te word (Rom. 8:29). Maar dan is daar ook spesifieke werke waartoe die Here mense mag roep, en dit verskil van persoon tot persoon.

Kom ons lees Johannes 1 en ontdek hoe verskeie mense in 'n bepaalde roeping gestaan het, en wat ons hieruit kan leer in terme van ons eie roeping. Ons sal sien hoedat roeping en identiteit hier in onlosmaaklike wisselwerking tree. 'n Mens moet eerstens weet WIE jy is (die identiteit waartoe God jou geroep het) alvorens jy werklik kan DOEN wat jy moet doen (jou roeping uitleef).

JOHANNES DIE DOPER

Die Evangelieskrywer Johannes onderskei tussen Johannes die Doper en Jesus, met verwysing na elkeen se unieke identiteit asook hul unieke roeping: "Hy [Johannes die Doper] het tot 'n getuienis gekom om van die lig [Jesus] te getuig, sodat almal deur hom [Johannes] sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig" (Joh. 1:7-8).

Ons kan bemoedig word deur die feit dat elkeen 'n unieke, spesifieke roeping het. Dit is baie bevrydend, omdat ons nie onself meer met ander hoef te vergelyk nie. Die enigste maatstaf van beoordeling vir ons lewenstaak is of ons die werke gedoen het wat God vir ons voorberei het (1 Kor. 4:3-4).

Johannes die Doper het by navraag dit duidelik gestel dat hy nie die profeet (Messias) of Elia was nie. Tog was hy baie seker van sy unieke doel op aarde:

"[Johannes die Doper] antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het... maar dat Hy [Jesus] aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop" (Joh. 1:23,31).

Alle gelowiges word geroep om Jesus bekend te maak. Johannes die Doper het egter 'n spesifieke roeping gehad om die weg vir Jesus se eerste koms voor te berei. Mag ons saam met Johannes getuig, "En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is" (Joh. 1:34).

DIE PRIESTERS EN LEVITE

Die geloofsgemeenskap van die dag was onrustig oor 'n nuwe, vurige prediker na wie die mense gestroom het. Hulle wou weet wie hierdie persoon was en waarvoor hy gestaan het: "En dit is die getuienis van Johannes, toe die Jode uit Jerusalem priesters en Leviete gestuur het om hom te vra: Wie is u? ...En die wat gestuur was, was uit die Fariseérs" (Joh. 1:19,24). Hulle wou weet of hy 'n ondersteuner of 'n bedreiging vir die teenswoordige kerk (geloofsgemeenskap) was.

Hier sien ons 'n negatiewe voorbeeld van 'n (versaakte) roeping. Dit is so dat die Kerk die pilaar en grondslag van die waarheid moet wees (1 Tim. 3:15), moraliteit moet leer en tentoonstel, en 'n voorbeeld in die gemeenskap moet wees. Daar is egter 'n donker kant aan enige instansie wanneer mense hul oueriteit misbruik om selfsugtige begeertes na te jaag en oor mense te regeer, in plaas daarvan om by hul oorspronklike roeping te bly. Baie skade is al IN die Naam en AAN die Naam van Jesus Christus aangerig. Vele is van die geloof weggedryf deur die vergrype van kerklike hoëlui, of deur gewone gelowiges wat sonder integriteit optree. Mag ons eerder ons eie kleed van geregtigheid onbesmet hou en suiwer bewaar (Kol. 1:21-23).

ANDRÉAS

In dieselfde hoofstuk lees ons van Andréas, die broer van Simon Petrus. Toe hy hoor dat Jesus die Lam van God is, het hy self eers ondersoek ingestel. Nadat hy bevestiging van Jesus se ware identiteit ontvang het, het hy dadelik die goeie nuus aan Petrus gaan mededeel: "Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind - dit is, as dit vertaal word, die Christus. En hy het hom na Jesus gelei" (Joh. 1:42-43a).

Wat 'n wonderlike voorbeeld van iemand wat meer in die agtergrond gefigureer het, maar wat ander na toe Jesus lei (Joh. 12:21-22). Dit is byna soos die olie wat

die masjien glad laat loop. Soos die stille **intersessor** wie se gebede 'n bepaalde diens of gebeurtenis bekratig. Soos die onbaatsugtige **helper** wat in die skaduwees beweeg, maar ander in staat stel om voor te loop. Mag ons ook, soos Andréas, doen wat ons hand vind om te doen in terme van Koninkrykswerk en so die verkondiging van die Evangelie fasiliteer.

PETRUS

Petrus was instrumenteel in God se plan vir die eerste Kerk. Hoe-wel hy 'n vurige persoonlikheid gehad het wat in die begin gelei het tot konflik en oorhaastige optrede, het die Here hom aldeur geskaaf en gevorm.

Met hul ontmoeting het Jesus aan Petrus 'n nuwe bynaam gegee: "Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, wat vertaal word Petrus" (Joh. 1:43b). Simon (die Griekse weergawe van die Hebreeuse naam Simeon) het die 'van' of bynaam Petrus (Grieks: Pétros; Aramees: Cefas) gekry. Op ander plekke in die Nuwe Testament is hy om die beurt Simon of Petrus of Cefas of Simon Petrus genoem.

'n Naamsverandering dui gewoonlik 'n nuwe lewensfase en identiteit (en roeping) aan. So het ons as Christen 'n nuwe naam, identiteit en roeping! Petrus het Jesus se identiteit korrek verstaan, en dit deur 'n Goddelike openbaring (Matt. 16:13-16 NV)! Nou spreek Jesus Petrus se identiteit / roeping aan: "En Ek sé vir jou: Jy is Petrus [Pétros - klip of rots], en op hierdie rots [pétra - 'n rotmassa, grot, afgrond, krans, of klipperige grond] sal Ek My kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt. 16:18-18 NV).

Ons sien hier 'n woordspeling tussen die Griekse woorde Pétros en pétra. Een kommentator verklaar dit so: "Pétra (a feminine noun) indicates 'a mass of connected rock,' which is distinct from Pétros (a masculine noun), which means 'a detached stone or boulder'. Pétra is a 'solid or native rock, rising up through the earth, a huge mass of rock (a boulder), such as a projecting cliff.'"

Wat hier uitstaan is dat Jesus SY Kerk op 'n vaste fondament sal bou. Party teen hierdie fondament is Petrus, ander dat dit op 'n element in Petrus se karakter (sy geloof) gebou is. 'n Goeie opsomming, na my mening, is "Peter-like faith in Jesus as the Christ grants one access into the Kingdom of Heaven."

Gelowiges verkry dus toegang tot die Koninkryk van God deur slegs

geloof in Jesus, die Messias, en die rol van die kerkleierskap (soos wat Petrus 'n leier was) is om standvastig te verseker dat almal heengewys word na die Hoeksteen, Christus (1 Kor. 10:4). Dit is ook die roeping van elke gelowige om mense na Jesus te lei deur aan hulle Sy identiteit en Sy roeping bekend te maak.

JESUS

Ons grootste Voorbeeld is Jesus. Laat ons Sy identiteit en roeping oorweeg: "Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom onstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo" (Joh. 1:9-12). **Jesus is die ware Lig, en Hy het aarde toe gekom sodat ons verlig kan word, tot redding deur geloof in Hom.**

Die Seun van God het uit genade aan ons die Vader se liefde kom openbaar (Joh. 1:14). Jesus het ook 'n nuwe geestelike bedeling ingelui: "Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het ooit God gesien nie; die Eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar" (Joh. 1:17-18). Nou kan ons God met vrymoedigheid nader en in 'n verhouding met Hom staan (Heb. 4:16)! Dit is ons daagliks roeping.

Die wonderlike eerste hoofstuk van die Johannes-evangelie leer ons dat beide ons identiteit en ons roeping as gelowiges hul grondslag in Jesus se identiteit en roeping vind! Wanneer ons wonder oor ons aardse doel, laat ons na Jesus se lewe kyk. Ons doel is geanker in Sy karakter. Wanneer ons onseker is oor ons identiteit, laat ons dit in Hom vind! Ons moet soos Hy wees en optree. Ons is medewerkers van God in die bediening van versoening. "For in Him we live and move and have our being" (Hand. 17:28 NIV).

Laat ons bid om God se spesifieke doel vir ons lewens te begryp; maar laat ons ook onthou wat God se algemene liefdesdoel vir alle gelowiges is. Laat ons ook deurentyd bewus wees van ons identiteit: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!" (1 Joh. 3:1). As ons na God nader, sal Hy na ons nader en ons lei om ons identiteit en roeping voluit vir Hom uit te leef!

THE REFINING FIRE OF LOVE

In Psalm 66 the unknown psalmist starts off with praise to God as he relates historical events of God's dealings. Acknowledging God's guiding hand throughout the past he clearly sees God's correcting dealings too. "For You, God, tested us; You refined us like silver. ...we went through fire and water, but You brought us to a place of abundance". And yet, in spite of the discipline the psalmist's mouth is filled with praise to God!

We too need to surrender and submit to our Father's correction and we will reap great blessings. Our Father's Hand of kindness will rest upon us with divine guidance and wisdom. You will

rejoice in the final, refined product that reflects His Face. Rebel and disobey and you will certainly reap a bitter harvest of bad consequences.

The Psalmist cries out, "Come and see what God has done!" This is his testimony after the testing of refining fires - "Praise our God, all peoples, let the sound of His praise be heard; He has preserved our lives and kept our feet from slipping. FOR YOU, GOD, TESTED US, YOU REFINED US LIKE SILVER".

Yes, they went through fire and water, but He brought them out in a place of abundance. The result? To a receptive, surrendered heart this is what the pain of the refining

fires of the crucible brought about. "Come and hear, all of you who fear God; let me tell you what He has done for me... His praise was on my tongue".

Yes, he cried out in his pain. Yes, God heard, but He finished the process. "Praise be to God, Who has not rejected my prayer OR WITHHELD HIS LOVE FROM ME." And through the ages that very same, most precious love still works in us. Paul writes in Ephesians 5:2, "He loved us and offered Himself as a sacrifice for us, a pleasing aroma to God."

May our response ever be to "live a life filled with love, following the example of Christ".

- Helen du Plessis, 083 332 0895.



Helen
du Plessis

RUTH

When someone says, "Let me tell you about my mother-in-law," we expect some kind of negative statement or humorous anecdote because the mother-in-law caricature has been a standard centrepiece of ridicule or comedy.

The book of Ruth, however, tells a different story. Ruth loved her mother-in-law, Naomi. Recently widowed, Ruth begged to stay with Naomi wherever she went, even though it would mean leaving her homeland. In heartfelt words, Ruth said, "Your people will be my people, and your God will be my God" (1:16). Naomi agreed, and Ruth travelled with her to Bethlehem.

Not much is said about Naomi except that she loved and cared for Ruth. Obviously, Naomi's life was a powerful witness to the reality of God. Ruth was drawn to her - and to the God she worshipped. In the succeeding months, God led this young Moabite widow to a man named Boaz, whom she eventually married. As a result, she became the great-grandmother of David and an ancestor in the line of the Messiah. **What a profound impact Naomi's life made!**

The book of Ruth is also the story of God's grace in the midst of difficult circumstances. Ruth's story occurred during the time of the judges - a period of disobedience, idolatry, and violence.

Even in times of crisis and deepest despair, there are those who follow God and through

whom God works. No matter how discouraging or antagonistic the world may seem, there are always people who follow God. **He will use anyone who is open to Him to achieve His purposes.**

Ruth was a Moabite, and Boaz was a descendant of Rahab, a former prostitute from Jericho. Nevertheless, their offspring continued the family line through which the MESSIAH came into our world!

Read this book and be encouraged. **God is at work in the world, and He wants to use you! God could use you, as He used Naomi, to bring family and friends to Him!**

---0000000---

No matter how devastating our present situation may be, our hope is in God. His resources are infinite.

We must believe that He can work in the life of any person - whether that person is a king or a stranger in a foreign land. Trust His protection.

We tend to think of blessings in terms of prosperity rather than the high-quality relationships God makes possible for us. No matter what our economic situation, we can love and respect the people God has brought into our lives. In so doing, we give and receive blessings. Love is the greatest blessing!

